lewing 'n aantal gesonde kenmerke gehad. Die uitbreiding van die ekonomiese bedrywigheid het nie net voortgespruit uit 'n skerp styging in die waarde van die goudproduksie en goedere-uitvoere nie, maar ook uit 'n groter vraag in die vorm van vaste en voorraad-investering eerder as private verbruiksbesteding. Bovendien het die toename in die reële vaste investering bykans uitsluitend die vorm aangeneem van produktiewe investering deur die private mynbou- en fabriekswesesektore en infrastrukturele ontwikkelings deur sekere openbare korporasies en die provinsiale administrasies, terwyl die vaste investering deur die ander openbare owerhede gedurende 1974 gedaal het.

In weerwil van die hoë ekonomiese groeikoers vir 1974 in sy geheel, het verskeie korttermyn ekonomiese tydreëse getoon dat 'n boonste draaipunt in die konjunkturgolf vroeg in die derde kwartaal van 1974 bereik is. Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding is derhalwe nou vir meer as ses maande in die afwaartse fase van die konjunkturgolf. 'n Aansienlik laer groeikoers as in 1974 kan gevolglik vir die 1975-kalenderjaar verwag word, maar hierdie laer groeikoers moet natuurlik beskou word in samehang met die baie hoë groeikoers wat in 1974 behaal is, die besondere situasie van die goudmynbousektor wat 'n negatiewe

bydrae tot reële groei maak maar terselfdertyd 'n positiewe monetêre invloed het, die onwaarskynlikheid dat die landbouproduksie in 1975 die rekordoste van 1974 sal ewenaar, en die algemene traagheid van die ekonomiese bedrywigheid in die buiteland. Daar is egter sekere faktore wat in die nabye toekoms kan meewerk om die binnelandse ekonomiese bedrywigheid op peil te hou of te laat herleef. Dit sluit in die groot kapitaalwerke van die openbare owerhede en die openbare korporasies, die instelling van beeldradio gedurende 1975 en 1976 en verdere verwagte toenames in die nie-goudmynbouproduksie. Dit is ook nie onwaarskynlik nie dat die goudprys verder mag styg en dat die goudproduksie in 1975 minder sal daal as in 1974.

In ooreenstemming met die hoë vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid in 1974 en die skerp stygings in pryse in die meeste nywerheidslande, het die waarde van die invoere aansienlik gestyg en bygedra tot 'n opmerklike verswakking van die lopende rekening van die betalingsbalans. Terselfdertyd het skerp stygings in die prys van goud en in die pryse van uitvoerkommoditeite Suid-Afrika in staat gestel om 'n groot deel van die koste van die groter invoere te absorbeer, met die gevolg dat die tekort op die lopende rekening in werklikheid betreklik laag was in vergelyking met dié wat gedurende tydperke van vinnige ekonomiese groei in die verlede aangeteken is. Gedurende die vierde kwartaal het die tekort egter tekens van 'n afname getoon, soos verwag kan word met 'n stadiger koers van toename in die monetêre vraag.

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het gedurende die tweede helfte van 1974 aanmerklik verbeter, wat 'n weerspieëling was van die welslae wat behaal is met die monetêre beleidsmaatreëls en verslapping van valutabeheer wat daarop gemik was om 'n kapitaaluitvloeiing te ontmoedig en 'n -invloeiing aan te moedig. Gedurende 1974 is Suid-Afrikaanse rentekoerse meer in ooreenstemming gebring met dié wat in die buiteland geheers het en, met binnelandse bankkrediet betreklik skaars en duur, is die private sektor aangemoedig om 'n groter deel van sy handels- en ander transaksies oorsee te finansier. Dit het gelei tot 'n groot invloeiing van kapitaal na die private sektor, in die besonder gedurende die vierde kwartaal van 1974. Die netto kapitaalinvloeiing het die negatiewe invloed op die goud- en ander buitelandse reserwes van die groot tekort op die lopende rekening tot 'n onbeduidende bedrag verminder. In werklikheid het die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die vierde kwartaal matig gestyg tot R909 miljoen aan die einde van Desember 1974.

Die monetêre en banktoestand het in die loop van 1974 ook aansienlik verander. Die baie hoë koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld wat gedurende 1973 en die eerste kwartaal van 1974 aangeteken is, het gedurende die tweede en derde kwartale afgeneem maar daarna in die vierde kwartaal weer aansienlik gestyg. Laasgenoemde styging kon toegeskryf word aan 'n skerp toename in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor, terwyl die toename in bankkrediet aan die private sektor aansienlik onder die baie hoë peil wat gedurende die eerste helfte van die jaar aangeteken is, gebly het. Die likwiditeitsposisie van die banke en die geldmarktoestand het gedurende die vierde kwartaal van 1974 en vroeg in 1975 aansienlik verruim, met die gevolg dat sekere korttermynrente-koerse aansienlik gedaal het vanaf die rekordpeile wat in September 1974 bereik is.

Die toestand op die kapitaalmark het gedurende die grootste gedeelte van 1974 stram gebly maar teen die einde van die jaar en vroeg in 1975 ietwat verruim. Die stram kapitaalmarktoestande is weerspieël in ongewenaard hoë peile van opbrengskoerse op vaste-rente-draende effekte en aandele, 'n kleiner vloed van langertermynfondse na deposito-nemende en verwante instellings, en 'n afname in die bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmarkte. Die hoofredes vir die stram toestande was 'n algemene skaarsheid aan fondse, 'n betreklik sterk vraag na fondse en 'n hoër opbrengskoers op korttermyndeposito's en -beleggings. Teen die einde van 1974 en die begin van 1975 het langtermynrentekoerse ietwat gedaal.

Ten spyte van die verlangsamings in die koers van toename in die likwiditeit van die private sektor gedurende die grootste deel van 1974 en die suksesvolle bekamping van oormatige vraag, het die inflasiekoers gedurende 1974 verder versnel. Die twee uitstaande kenmerke van die prysstygings gedurende die afgelope jaar was die baie hoë koers van toename (in die omgewing van 30 persent) in die groothandelspryse van ingevoerde goedere en die skerp styging in die kleinhandelspryse van voedsel (bykans 20 persent). Die invloed van hierdie faktore word nie maklik verminder deur die toepassing van binnelandse fiskale en monetêre maatreëls nie. Inflasie bly 'n internasionale probleem en in hierdie opsig vergelyk Suid-Afrika nog gunstig met die meeste lande. Bowendien kan Suid-Afrika se uitstekende groeiprestasie en gesonde betalingsbalanstoestand tans as bykans uniek in die wêreld beskou word.


Nasionale rekeninge

Hoë ekonomiese groeikoers vir 1974

Suid-Afrika het gedurende 1974 'n uitstekende groeikoers ondervind op 'n tydstip toe die meeste nywerheidslande in die wêreld baie lae, of selfs negatiewe, groeikoerse aangeteken het. Die toename in die reële bruto *binnelandse* produk het bykans verdubbel vanaf 4,3 persent in 1973 tot 7,2 persent in 1974. Daarbenewens het Suid-Afrika se ruilvoet aansienlik verbeter as gevolg van die vinniger styging in die pryse van Suid-Afrikaanse uitvoere (insluitende goud) as die pryse van ingevoerde goedere, met die gevolg dat die reële *nasionale* produk in 1974 met nie minder nie as 10 persent toegeneem het. Hierdie aansienlike toename in die nasionale ekonomiese welvaart van Suid-Afrikaanse inwoners is selfs nog meer merkwaardig as die alreeds hoë koers van toename van 9½ persent in die reële nasionale produk wat in 1973 aangeteken is, in aanmerking geneem word. Dit beteken dat die reële nasionale produk per hoof van die bevolking gedurende die afgelope twee jaar gemiddeld met meer as 7 persent per jaar gestyg het – beslis 'n aansienlike toename in die lewenstandaard.

Alhoewel 'n aansienlike toename in landbouproduksie wesenlik tot die hoë groeikoers in 1974 bygedra het, is aansienlike bydraes ook deur die sektore nie-goudmynbou, fabriekswese, groot- en kleinhandel, en vervoer, opberging en kommunikasie gelewer. Nogtans het die volume van die goudproduksie vir die vierde opeenvolgende jaar gedaal en 'n negatiewe bydrae tot die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk gelewer. Terselfdertyd het die prys van goud egter verder gestyg en het die goudmynbousektor groot bedrae addisionele inkome geskep,

Jaarlikse persentasieverandering in bruto binnelandse en bruto nasionale produk teen konstante 1963-pryse



wat op sy beurt 'n stimulerende monetêre uitwerking op die volkshuishouding gehad het. Indien die landbou- en mynbousektore uitgesluit word, het die res van die volkshuishouding, d.w.s. die sekondêre en tersiêre sektore, 'n toename van 6,1 persent in die reële bruto binnelandse produk getoon.

Kwartaallikse ramings van die bruto binnelandse produk teen konstante pryse het baie hoë groeikoerse gedurende die tweede en derde kwartale van 1974 getoon en 'n negatiewe groeikoers gedurende die vierde kwartaal. Ofskoon hierdie verandering in die ekonomiese groeikoers gedeeltelik aan die buitengewoon goeie someroeste, wat tot die hoë koerse van toename gedurende die tweede en derde kwartale bygedra het, te danke was, het die toename in die reële toegevoegde waarde van die nie-landbousektore in die tweede kwartaal 'n hoogtepunt bereik en daarna gedaal.

Die totale bruto binnelandse produk teen heersende pryse het in 1974 met ongeveer 19 persent toegeneem, waarby die vergoeding van werknemers 'n toename van 18 persent en die bedryfsurplus 'n toename van 22 persent getoon het. Gedurende die tweede helfte van 1974 het die bruto bedryfsurplus egter teen 'n stadiger koers as die vergoeding van werknemers toegeneem.

Groot toename in die bruto binnelandse besteding

Die hoë groeikoers wat in 1974 behaal is, het nie net voortgespruit uit die hoër opbrengste van goudverkope en ander uitvoere nie, maar ook uit 'n toename in die groeikoers van die totale binnelandse vraag soos gemeet deur die bruto binnelandse besteding. Soos die bygaande tabel toon, het al die vernaamste komponente van die totale vraag, naamlik die private verbruiksbesteding, die owerheidsverbruiksbesteding, die vaste en voorraadinvestering, tot die toename van 15,5 persent in die reële bruto binnelandse besteding bygedra.

Teen heersende pryse het die bruto binnelandse besteding met ongeveer 24½ persent toegeneem, wat meer was as die styging van 19 persent in die bruto binnelandse produk, en dit is weerspieël in 'n verswakking van die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf 'n oorskot in 1973 na 'n groot tekort in 1974. Gedurende die vierde kwartaal van 1974 het die bruto binnelandse besteding egter aansienlik meer

as die bruto nasionale produk afgeneem, wat dui op 'n verbetering van die lopende rekening van die betalingsbalans.

Laer koers van toename in die reële private verbruiksbesteding


Die hoofrede vir die effens laer koers van toename in die reële verbruiksbesteding gedurende 1974 was die feit dat die besteding aan persoonlike vervoer-toerusting (hoofsaaklik motors) in 1974 met ongeveer 1 persent gedaal het, vergeleke met 'n styging van 20 persent in 1973. Die koers van toename in die reële besteding aan meubels en huishoudelike toerusting het ook vanaf 10 persent in 1973 tot ongeveer 5 persent in 1974 gedaal, en dié ten opsigte van semi-duursame goedere soos klerasie en skoesel vanaf ongeveer 7 persent na 3½ persent, terwyl hoër koerse van toename aangeteken is in die geval van nie-duursame goedere wat gestyg het vanaf 5½ persent gedurende 1973 na 6 persent in 1974, en dienste vanaf 3 persent na 6 persent.

Kwartaallikse ramings van die reële private verbruiksbesteding het gedurende die derde en vierde kwartale van 1974, 'n duidelik laer koers van toename getoon. Besteding aan duursame en semi-duursame goedere het gedurende die vierde kwartaal afgeneem en besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste het stadiger koerse van toename getoon.

Persentasieverandering in bruto binnelandse besteding teen konstante 1963-pryse

	1972	1973	1974
Private verbruiksbesteding	3,5	5,8	5,2
Owerheidsverbruiksbesteding	0,4	2,4	10,9
Bruto binnelandse vaste investering	1,9	3,9	8,5
Verandering in voorrade (Rm)	-262	-62	509
Bruto binnelandse besteding	-4,9	8,4	15,5

Verbruiksbesteding teen konstante 1963-pryse



Hoë koers van toename in owerheidsverbruiksbesteding

Die owerheidsverbruiksbesteding teen heersende pryse het gedurende 1974 met 26 persent gestyg, vergeleke met 'n styging van 14 persent gedurende die voorafgaande jaar, hoofsaaklik as gevolg van die opwaartse aanpassing van die salarisse en lone van staatsamptenare, wat vanaf 1 Julie 1974 in werking getree het, sowel as van 'n opmerklieke toename in verdedigingsuitgawes. Indien die aanpassing van salaris- en loonskale sowel as die prysstygings van goedere en ander dienste uitgesluit word, het die koers van toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding versnel vanaf slegs $2\frac{1}{2}$ persent gedurende 1973 na 11 persent in 1974.

Oplewing in die reële bruto binnelandse vaste investering


Die bruto binnelandse vaste investering teen heersende pryse het in 1974 met $22\frac{1}{2}$ persent toegeneem teenoor $12\frac{1}{2}$ persent in 1973. Indien die prysstygings van kapitaalgoedere uitgesluit word, het die reële vaste investering in 1974 met 8,5 persent gestyg, teenoor 'n toename van 4 persent gedurende die voorafgaande jaar. Nadat daar voorsiening vir die vervanging van kapitaalgoedere gemaak is, het die reële *netto* vaste investering in 1974 met $8\frac{1}{2}$ persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van 3 persent in 1973. In die geval van die private fabriekswese het die reële vaste investering in 1974 met 22 persent toegeneem en ná voorsiening vir waardevermindering het die reële vaste kapitaalvoorraad met 6,4 persent gestyg.

Soos die bygaande tabel toon, was die toename in die reële vaste investering tot 'n paar sektore beperk, naamlik die private goudmynbou- en fabriekswese-sektore en provinsiale administrasies. Ander openbare owerhede soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese het afnames in reële vaste investering getoon.

Persentasieverandering in bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1963-pryse

	1973	1974
Private sektor	6	12
Goudmynbou	17	61
Fabriekswese	-7	22
Woongeboue	$13\frac{1}{2}$	$5\frac{1}{2}$
Openbare owerhede	-9	—
Suid-Afrikaanse Spoorweë	-10	-3
Departement van Pos- en Telekommunikasiewese	8	$-6\frac{1}{2}$
Ander sentrale regering	$-13\frac{1}{2}$	$1\frac{1}{2}$
Provinsiale administrasies	-18	23
Openbare korporasies	40	4
Totaal	4	$8\frac{1}{2}$

Vaste investering teen konstante 1963-pryse




Kwartaallikse ramings van die reële private investering het gedurende 1974 'n opwaartse neiging getoon. Die koers van toename in die vierde kwartaal was egter laer as dié van die derde kwartaal vanweë 'n laer koers van investering deur die landbou- en mynbousektore en 'n afname in die reële kapitaalbesteding deur die handel en aan woongeboue. Reële vaste investering deur die private fabriekswese het egter gedurende die vierde kwartaal van 1974 voortgegaan om teen 'n hoë koers toe te neem. Die jaarsyfers van reële vaste investering van openbare owerhede het gedurende 1974 in geheel min verandering getoon. Kwartaallikse ramings het 'n styging gedurende die derde kwartaal van 1974 getoon maar geen verandering in die vierde kwartaal nie, hoofsaaklik as gevolg van laer reële besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë aan rollende materiaal en nuwe spoorlyne en deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese wat die groter besteding deur die sentrale regering aan waterwerke min of meer geneutraliseer het.

Groot toevoeging tot voorrade

Een van die mees opvallende kenmerke van die nasionale rekeninge gedurende 1974 was die aan-

Nie-landbouvoorrade as 'n persentasie van bruto binnelandse produk uitgesonderd landbou



sienlike toevoeging tot voorrade. Ná 'n styging van R708 miljoen gedurende 1973, het die totale voorrade teen boekwaarde gedurende 1974 met nie minder nie as R1 987 miljoen gestyg. Selfs as die hoër koste om dieselfde volume voorrade te vervang in aanmerking geneem word, het die reële investering in voorrade, d.w.s. gewaardeer teen konstante 1963-pryse, in 1974 nog ongeveer R509 miljoen bedra, wat vergelyk kan word met 'n afname in voorrade ten bedrae van R62 miljoen gedurende 1973. Die opmerklieke toevoeging tot die totale voorrade teen boekwaarde in 1974 is hoofsaaklik meegebring deur vermeerderings van nywerheids- en handelsvoorrade, wat ongeveer R1 600 miljoen beloop het, alhoewel landbouvoorrade in die handel en diamantvoorrade ook betekenisvolle bydraes gelewer het.

As gevolg van hierdie opbouing van voorrade het die verhouding van die nie-landbouvoorrade tot die vergelykbare bruto binnelandse produk ononderbroke vanaf 30,1 persent in die derde kwartaal van 1973 tot 'n peil van 33,2 persent teen die einde van 1974 gestyg. Hierdie neiging is ook weerspieël deur 'n styging in die verhouding van voorrade tot verkope in die fabriekswese- en handelsektore.

Aansienlike toename in bruto binnelandse besparing

Die bruto binnelandse besparing het in 1974 met R1 023 miljoen gestyg, in vergelyking met R1 098 miljoen gedurende die vorige jaar. As persentasie van die bruto binnelandse produk het die bruto binnelandse besparing toegeneem vanaf 23,0 persent in 1971 tot 26,8 persent in 1974, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse koers van 24,2 persent gedurende die tydperk 1962 tot 1972. Nieteenstaande hierdie toename, was die bruto binnelandse besparing

nog steeds onvoldoende om die totale vaste en voorraadinvestering te finansier en buitelandse fondse ten bedrae van R836 miljoen is gebruik om die binnelandse besparing aan te vul.

Soos deur die bygaande tabel getoon word, het al die hoofkomponente van die binnelandse besparing en veral die persoonlike besparing vanweë die groot toename in boerdery-inkomste, tot die totale toename in 1974 bygedra. Die toename in die lopende surplus van die algemene owerheid het die totale surplus daarvan te staan gebring op 'n peil wat veel hoër was as die gemiddelde vir die afgelope vyf jare.

Bruto binnelandse besparing, 1974
R miljoene

	Verandering	Totaal
Persoonlike besparing	430	1 583
Maatskappybesparing	177	1 406
Lopende surplus van algemene owerheid	215	1 199
Voorsiening vir waardevermindering	201	1 802
Totaal	1 023	5 990

Algemene ekonomiese aanwysers

Volgens die neigings van verskeie korttermyn ekonomiese aanwysers, is 'n boonste draaipunt van die konjunkturgolf vroeg in die derde kwartaal van 1974 bereik en gevolglik is die Suid-Afrikaanse volkshuishouding nou vir meer as ses maande in die afwaartse fase van die konjunkturgolf. Alhoewel faktore soos die gunstige vooruitsigte vir 'n hoër goudprys en 'n kleiner afname in die goudproduksie, groot kapitaalprojekte deur openbare owerhede en openbare korporasies, die instelling van beeldradio gedurende 1975 en 1976 en 'n verwagte verdere toename in die nie-goudmynbouproduksie, kan meewerk om die algemene ekonomiese bedrywigheid in die nabye toekoms op peil te hou, sal ekonomiese uitbreiding natuurlik ook afhang van die ekonomiese groei wat deur Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote ondervind sal word. Die huidige verwagtings is dat baie lae, en in 'n aantal gevalle selfs negatiewe, groeiakoerse deur die meeste Westerse lande in 1975 aangeteken sal word en dat 'n versnelling van die ekonomiese bedrywigheid eers teen die einde van 1975 of vroeg in 1976 sal plaasvind.

Fabrieksproduksie


Die gemiddelde vlak van die fisiese volume van die fabrieksproduksie in 1974 het met ongeveer 6 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 9 persent gedurende die 1973-kalenderjaar. Alhoewel die gemiddelde vlak van die produksie gedurende 1974 nog bevredigend was, het die produksie vanaf April

tot Oktober afgeplat en daarná in November en Desember tot 'n laer vlak gedaal. Gedurende die loop van 1974 het die produksie van nie-duursame goedere 'n dalende neiging getoon en dié van duursame goedere 'n matig stygende neiging.

Die afplatting van die fabrieksproduksie gedurende 1974, tesame met die skepping van verdere produksiekapasiteit deur middel van vaste investering, het meegebring dat die gemiddelde benuttingspeil van kapasiteit afgeneem het vanaf die hoogtepunt van 91 persent, wat in Februarie 1974 bereik is tot ongeveer 88 persent in November 1974. Die hooforsaak van die styging in die onbenutte kapasiteit, soos verskaf deur nyweraars aan die Departement van Statistiek, was onvoldoende vraag.

Die afplatting van die fabrieksproduksie, onder andere as gevolg van die onvoldoende vraag, is ook deur veranderings in onvoltooide bestellings weerspieël. Ná 'n feitlik ononderbroke toename vanaf die middel van 1972 tot Junie 1974, het die totale waarde van die onvoltooide bestellings, teen heersende pryse, gedurende Julie en Augustus afgeplat, in September, Oktober en November gedaal, en daarná in Desember 1974 matig herstel. Die huidige vlak van die fabrieksproduksie word derhalwe gedeeltelik gehandhaaf deur vermindering van die hoeveelheid onvoltooide bestellings.

Fisiese volume van produksie



Mynbouproduksie

Alhoewel die aantal kilogram goud wat gedurende die 1974-kalenderjaar geproduseer is, 11,2 persent minder was as in 1973, het die toestand in die goudmynbounywerheid dwarsdeur 1974 gunstig gebly as gevolg van 'n toename van nie minder nie as 66 persent in die gemiddelde goudprys wat op die private mark behaal is. Die hoër goudprys het die myne in staat gestel om die graad van erts gemaal in 1974 te verlaag tot 'n peil wat 11 persent laer was as in 1973. Dit wil voorkom asof 'n verdere faktor wat tot die daling van die produksie bygedra het, bestaan het uit 'n effense afname in die volume gouderts wat gedurende die tweede helfte van 1974 gemaal is, moontlik as gevolg van probleme wat by tye met arbeid ondervind is.

Die gemiddelde vlak van die nie-goudmynbouproduksie was gedurende die eerste tien maande van 1974 ongeveer 12,5 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1973. Dit kan vergelyk word met 'n styging van 15,3 persent gedurende die 1973-kalenderjaar. Met inagneming van die ongunstige ekonomiese toestande wat tans deur feitlik alle nywerheidslande ondervind word, asook van die laer groeikoers wat vir 1975 in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid verwag word en die daling van die pryse van die meeste minerale en metale wat op die internasionale markte verhandel word, sal die toename in die nie-goudmynbouproduksie in 1975 moontlik nie so hoog wees as in 1974 nie, alhoewel dit nog op 'n bevredigend hoë vlak behoort te bly.

Bou- en konstruksiebedrywigheid

Die gemiddelde vlak van die aantal ure gewerk deur konstruksiewerke gedurende die eerste elf maande van 1974 was 10,4 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1973. Die belangrikste bydrae tot die redelik hoë koers van toename gedurende 1974 is deur groter bedrywigheid in die siviele ingenieursbedryf gemaak, aangesien die boubedrywigheid met betrekking tot woon- en nie-woongeboe geneig het om af te plat. Ander aanwysers van boubedrywigheid, soos die waarde van bouplanne goedgekeur, die verkope van boumateriale teen konstante pryse, sementproduksie en nuwe voorskotte toegestaan deur bouverenigings, het gedurende 1974 'n duidelike afplatting of daling getoon.

Handel

Die stadiger groeikoers in algemene ekonomiese bedrywigheid is ook in die kleinhandels- en groot-handelsomset weerspieël. Alhoewel die gemiddelde vlak van die groothandelsverkope teen konstante pryse gedurende 1974 nog 9,9 persent hoër was as gedurende 1973, was daar gedurende die tweede helfte van 1974 'n dalende neiging merkbaar. Kleinhandelsverkope teen konstante pryse het tot April gestyg maar gedurende die daaropvolgende agt

maande van 1974 heeltemal afgeplat. Die volume van die kleinhandelsverkope in 1974 was nogtans 6,8 persent hoër as dié in 1973.

Ná 'n styging van nie minder nie as 17,1 persent in 1973, het die aantal nuwe motorvoertuie verkoop in 1974 met 0,1 persent gedaal. Hierdie klein daling was die netto resultaat van 'n daling van 1,2 persent in die aantal nuwe motors verkoop en 'n styging van 3,3 persent in die aantal nuwe handelsvoertuie verkoop. In Januarie 1975 het die aantal nuwe voertuie verkoop skerp toegeneem vanaf die lae syfer wat in Desember 1974 aangeteken is.

Werkverskaffing, produksie en lone

In ooreenstemming met die laer groeikoers in die algemene ekonomiese bedrywigheid, het die arbeidstoestand ietwat verruim en het die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs toegeneem vanaf die laagste na-oorlogse vlak in Augustus 1974, naamlik 7 193, tot 9 487 in Januarie 1975. Dit verteenwoordig nietemin slegs sowat 0,5 persent van die vergelykbare totale aantal werknemers in diens.


Gedurende die eerste nege maande van 1974 is afnames in werkverskaffing in die mynbou en motorhandel aangeteken, terwyl al die ander sektore betreklik

hoë koerse van toenames getoon het. Die totale werkverskaffing in die nie-landbousektore het in die eerste drie kwartale van 1974 met 2,6 persent gestyg, vergeleke met 3,0 persent in 1973 en 0,4 persent in 1972.

Werkverskaffing in die fabriekswese het gedurende die eerste tien maande van 1974 met 3,7 persent gestyg in vergelyking met dieselfde tydperk van 1973. Ure gewerk deur produksiewerkers het gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1974 met 6,0 persent toegeneem, met die gevolg dat die volume van die produksie per man-uur met een persent toegeneem het. Dit vergelyk ongunstig met die toename van 3,6 persent in 1973 en kan toegeskryf word aan die stygende peil van die onbenutte produksiekapasiteit. Vir alle nie-landbousektore van die volkshuishouding het reële produksie per werker gedurende die eerste nege maande van 1974 met 2,9 persent toegeneem, vergeleke met 3,4 persent gedurende 1973.

Gedurende die eerste nege maande van 1974 was die gemiddelde salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore 15,3 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1973. Hierdie opwaartse aanpassings was in 'n groot mate om te vergoed vir 'n afname in die koopkrag van inkomes as gevolg van die skerp styging van pryse. Gemiddelde salarisse en lone per werker teen konstante pryse het in die eerste nege maande van 1974 met 4,0 persent, in 1973 met 1,6 persent, en in 1972 met 1,1 persent gestyg, teenoor 'n styging van 4,9 persent in 1971. Die groeikoers in reële salarisse en lone per Nie-Blanke werker in 1974 was 9,2 persent, vergeleke met 2,1 persent van dié vir Blankes.

Arbeid



Pryse

Die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks het vanaf Desember 1973 tot Desember 1974 met nie minder nie as 14,1 persent gestyg, vergeleke met 10,0 persent gedurende die vorige jaar. Die gemiddelde van die maandelikse indekse vir 1974 was 11,6 persent hoër as dié vir 1973. Vanaf Desember 1973 tot Desember 1974 het voedselpryse met 18,4 persent, die pryse van klerasie en skoesel met 16,5 persent, meublement en toerusting met 15,0 persent, en behuisingsdienste met 12,5 persent gestyg. Pryse van petrol en aanverwante produkte het ook aansienlik gestyg. Soos die bygaande syfers toon, het die koers van toename gedurende die eerste drie kwartale van 1974 versnel maar gedurende die vierde kwartaal effens afgeneem. Vanaf Januarie 1974 tot Januarie 1975 het die verbruikersprysindeks met 15,2 persent gestyg. Hierdie versnelling in die koers van toename was egter hoofsaaklik toe te skryf aan 'n betreklik lae syfer in Januarie 1974 en nie aan 'n verdere versnelling in prysstygings in Januarie 1975 nie.


Verbruikerspryse

Persentasiekoers van verandering in die gemiddelde peil per kwartaal

1974: 1e kwartaal	2,6
2e kwartaal	2,9
3e kwartaal	4,3
4e kwartaal	3,3

Groothandelspryse het vanaf Desember 1973 tot Desember 1974 met 19,3 persent gestyg en die gemiddelde vlak van die maandelikse indekse in 1974

Groothandelspryse



was 18,0 persent hoër as in 1973. Die pryse van ingevoerde goedere het 'n groot bydrae tot die skerp styging in die groothandelspryse gemaak en vanaf Desember 1973 tot Desember 1974 'n styging van 27,7 persent getoon, terwyl die pryse van goedere geproduseer in Suid-Afrika met 16,9 persent gestyg het. Die koers van toename in die groothandelspryse het gedurende die tweede en derde kwartale skerp versnel maar in die vierde kwartaal aansienlik verlangsaam. Van Januarie 1974 tot Januarie 1975 het groothandelspryse met 21,0 persent gestyg.

Betalingsbalans


Alhoewel die totale betalingsbalans, soos gemeet deur veranderinge in die goud- en ander buitelandse reserves vir 1974 slegs 'n matige tekort van R95 miljoen getoon het, het belangrike veranderinge in die lopende en kapitaalrekening in die loop van 1974 voorgekom. Die betreklik klein totale tekort het voortgespruit uit 'n groot tekort op die lopende rekening tesame met 'n aansienlike netto kapitaalinvloeiing. In die loop van 1974 het die totale toestand van die betalingsbalans verander vanaf 'n tekort van R143 miljoen in die tweede kwartaal tot 'n kleiner tekort van R65 miljoen in die derde kwartaal, en tot 'n oorskot van R34 miljoen in die vierde kwartaal.

Aansienlike tekort op lopende rekening


Soos in die lig van die hoë groeikoers van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en die skerp stygings van die pryspeile in die meeste nywerheidslande verwag kon word, is 'n groot tekort op die lopende rekening gedurende 1974 aangeteken. As persentasie van die bruto binnelandse produk was die tekort van R836 miljoen egter nie buitengewoon groot nie en het dit slegs 3,7 persent bedra, terwyl hierdie verhouding in 1971 meer as 7 persent was. Skerp toenames in die prys van goud en die pryse van kommoditeite wat op internasionale markte verhandel word, het Suid-Afrika in staat gestel om die hoër koste van invoere te absorbeer en derhalwe af te sluit met 'n tekort op die lopende rekening wat in werklikheid betreklik laag was in vergelyking met dié gedurende tydperke van vinnige ekonomiese groei in die verlede.

Die goedere-invoer het in 1974 met nie minder nie as 62 persent gestyg en toenames het in al die hoofgroepe van ingevoerde goedere voorgekom. As gevolg van die skerp toename in die prys van olie, was die toename in die waarde van die invoer van mineraalprodukte en plastiese materiaal in 'n groot mate vir die skerp styging in die waarde van die goedere-invoer verantwoordelik. Weens die hoë vlak van die vraag en die toenames in pryse, het invoere van masjinerie en elektriese toerusting, chemiese produkte, basiese metale, tekstiele en papier en papierprodukte, ook aansienlik toege-


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



neem. Die koers van toename in invoere van vervoer-toerusting het merkbaar verlangsaam.

Die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het gedurende 1974 aansienlik met net meer as 23 persent tot R828 miljoen toegeneem. Hierdie styging is teweeg gebring deur groot toenames in die betalings vir internasionale skeepsvrag en versekering op goedere, wat deur die hoër invoere en verhoogde vragtariewe veroorsaak is, en deur hoër dividend- en rentebetalings aan buitelandse beleggers, wat in totaal die aansienlike styging in die ontvangste vir vervoer-dienste wat aan buitelanders gelewer is, oorskry het.

Nadat die netto goudproduksie gedurende 1973 met 52 persent toegeneem het, het dit gedurende 1974, as gevolg van 'n verdere skerp styging in die prys van goud op die private mark, met ongeveer 45 persent tot R2 565 miljoen toegeneem. Die styging in die netto goudproduksie het nie alleen bygedra tot die land se vermoë om vir die hoër invoerrekening te betaal nie, maar het ook 'n belangrike invloed op die res van die volkshuishouding gehad.

Die goedere-uitvoer het in 1974 met 24 persent tot R3 164 miljoen toegeneem, vergeleke met 'n toename van 15 persent gedurende 1973. Alhoewel die meeste van die hoofgroepe van uitvoergoedere skerp toenames getoon het, het aansienlike toenames veral in die uitvoer van mielies, suiker, diamante en basiese metale voorgekom. In teenstelling hiermee het die uitvoer van tekstiele aansienlik afgeneem in ooreenstemming met 'n daling van die wolprys. Alhoewel die volume van die uitvoer ook toegeneem het, was die skerp styging in die waarde van die uitvoer hoofsaaklik toe te skryf aan die hoër gemiddelde pryspeile wat op die internasionale kommoditeitsmarkte geheers het.

In die loop van 1974 het die tekort op die lopende rekening aansienlik toegeneem vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R247 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot R1 486 miljoen gedurende die derde kwartaal, en daarna tot R950 miljoen in die vierde kwartaal gedaal. Alhoewel hierdie daling in 'n groot mate aan die skerp styging in die netto goudproduksie toe te skryf was, het dit ook met die verlangsaaming van die binnelandse vraag verband gehou. Nie net het die waarde van die goedere-invoer teen 'n stadiger koers toegeneem nie, maar gedurende die tweede helfte van die jaar het die volume in werklikheid afgeneem. Terselfdertyd het 'n daling in internasionale kommoditeitspryse die vinnige styging in die goedere-uitvoer laat verlangsaam.

Aansienlike netto invloeiing van kapitaal

'n Netto invloeiing van kapitaal van R741 miljoen is gedurende 1974 aangeteken, vergeleke met 'n netto uitvloeiing van R112 miljoen gedurende die voorafgaande jaar. Soos in die bygaande tabel getoon word, was hierdie opvallende verbetering van die kapitaalrekening hoofsaaklik die gevolg van 'n groot netto

invloeiing van kapitaal na die private sektor, alhoewel die kapitaalvloeiing na die sentrale regering en banksektor ook van 'n netto uitvloeiing gedurende 1973 tot 'n matige invloeiing gedurende 1974 omgeslaan het. Openbare korporasies het weer eens hul buitelandse leningsbedrywighede uitgebrei om die styging in hul kapitaalbeleggings te finansier, terwyl die ander langtermynkapitaalbewegings van die private sektor verander het van 'n netto uitvloeiing gedurende 1973 tot 'n netto invloeiing van kapitaal in 1974 en die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal onbeduidend geword het. Buitelanders was weer eens netto verkopers van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word.

Netto invloeiing van kapitaal
R miljoene

	1973	1974
Private sektor	37	598
Netto verkope deur buitelanders van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word	-33	-15
Langtermynlenings van openbare korporasies	269	459
Ander langtermynkapitaal	18	162
Korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies	-217	-8
Sentrale regering en banksektor	-149	143
Totale netto invloeiing	-112	741

Die aansienlike verbetering van die kapitaalrekening het in werklikheid hoofsaaklik gedurende die tweede helfte van 1974 plaasgevind en dit weerspieël gedeeltelik die welslae van die monetêre beleidsmaatreëls en verslapping van valutabeheer wat daarop gemik was om die betalingsbalans te verbeter en meer in die besonder om die uitvloeiing van kapitaal te ontmoedig en 'n invloeiing te bevorder en te vergemaklik. Aan die begin van 1974 was buitelandse rentekoerse aansienlik hoër as dié in Suid-Afrika en was binnelandse bankkrediet betreklik vryelik teen lae koste beskikbaar. Hierdie toestand het gelei tot die omskakeling van handelskrediete en ander finansiering vanaf die duurder buitelandse bronne na die baie goedkoper binnelandse bankkrediet. Gevolglik het die private sektor gedurende die eerste helfte van 1974 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal en van sekere soorte langtermynkapitaal ondervind. Daarna het die rentekoersverskille tussen Suid-Afrika en die meeste nywerheidslande tot 'n klein marge vernou en het die binnelandse rentekoerse selfs hoër as dié van die Verenigde State geword.


Sekere ander maatreëls het ook tot die gunstige kapitaalbewegings gedurende die tweede helfte van 1974 bygedra. In 1974 het die Reserwebank die minimum tydperk t.o.v. aansoeke vir lenings in die buiteland aansienlik verminder. Die owerhede het

ook verlengde krediettransaksies vir die invoer van kapitaalgoedere ingesluit by die termynvalutakontrakskema waaronder handelaars en openbare sektorondernemings hulle wisselkoersrisiko's teen 'n nominale koers kan dek. Verder het die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede in Augustus aangekondig dat die vrystelling van die nie-inwonersbelasting op rente oorweeg sal word in die geval van buitelandse leningsvirverdienselike projekte.


In die tweede helfte van 1974 het die hoër vlak van die binnelandse rentekoerse, tesame met 'n afname in die beskikbaarheid van binnelandse bankkrediet en die ander maatreëls hierbo genoem, 'n aansienlike verbetering in die lang- en korttermynkapitaalbewegings van die private sektor meegebring. Nadat daar gedurende die derde kwartaal van die jaar 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, van R55 miljoen aangeteken is, het die netto invloeiing in die vierde kwartaal in werklikheid nie minder nie as R232 miljoen beloop.

In ooreenstemming met die beleid van onafhanklike beheerde swewing wat op 21 Junie 1974 aanvaar is, is daar nege aanpassings in die waarde van die rand gemaak. Ses van hierdie aanpassings het appresiasies en drie depresiasies in die waarde van die rand verteenwoordig en die netto uitwerking was dat die effektiewe wisselkoers van die rand op 7 Maart

Goud- en ander buitelandse reserwes



Effektiewe appresiasie(+) of depresiasie(–) van die rand



1975 op 'n vlak gestaan het wat slegs 2,6 persent benede die effektiewe koers op 21 Junie 1974 was.

Klein afname in die goud- en ander buitelandse reserves

Die aansienlike tekort op die lopende rekening en die groot netto invloeiing van buitelandse kapitaal, te-same met waardasie-aansuiwerings aan die reserves, het 'n klein daling van R67 miljoen in die goud- en ander buitelandse reserves gedurende 1974 tot 'n vlak van R909 miljoen aan die einde van die jaar mee-gebring. Die Reserwebank se besit aan buitelandse valuta het die meeste tot hierdie daling bygedra, terwyl die buitelandse reserves van die res van die banksektor en die sentrale regering, in vergelyking met die vlakke daarvan aan die einde van 1973, by-kans onveranderd gebly het. In Januarie het die goud- en ander buitelandse reserves weer met R5 miljoen tot R914 miljoen op 31 Januarie 1975 gestyg en gedurende Februarie het die goud- en ander buite-landse reserves van die Reserwebank met R7 miljoen tot R747 miljoen op 28 Februarie gestyg.

Monetêre en banktoestand

Veranderings in geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende die tweede kwartaal van 1974 tot 12 persent en gedurende die derde kwartaal tot minder as 9 persent gedaal het, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die vierde kwartaal van die jaar 'n baie hoë peil van nie minder nie as 43 persent bereik. Gedurende hierdie kwartaal het die werklike styging in die geld- en kwasi-geldvoorraad heelwat meer as R600 miljoen bedra. Vir 1974 in sy geheel was die toename in geld en kwasi-geld 22 persent (R1 334 miljoen), in vergelyking met 23 persent in 1973. Indien kwasi-geld uitgesluit word, het die eng gedefinieerde geldvoorraad gedurende die vierde kwartaal van 1974 teen 'n jaarkoers van 47 persent en gedurende die jaar in sy geheel met 19 persent gestyg. Die vergelykbare toename gedurende 1973 was 21 persent.

Die terugkeer na hoër koerse van toename in die monetêre totale gedurende die vierde kwartaal van 1974 het die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk vanaf ongeveer 29,2 persent gedurende die derde kwartaal tot 30,3 persent gedurende die vierde kwartaal laat styg.


Gedurende Januarie 1975 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld seisoenaal met meer as R100 miljoen tot R7 188 miljoen afgeneem. Ná seisoensaansuiwing het die jaarlikse koers van toename ongeveer 20 persent bedra, wat die koers van toename vir die vier maande Oktober 1974 tot Januarie 1975 tot ongeveer 37 persent verlaag het.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Terwyl die verlaging van die koers van toename in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1974 hoofsaaklik die gevolg was van 'n skerp daling in die koers van uitbreiding van bankkrediet aan die private en regeringsektore, was die skerp styging in die likwiditeit van die private sektor gedurende die vierde kwartaal hoofsaaklik 'n weerspieëling van 'n baie groot styging in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor ten bedrae van R461 miljoen, waarvan R195 miljoen verklaar is deur 'n daling in regeringsdeposito's. Die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor het heelwat laer gebly as die baie hoë peil daarvan wat gedurende die eerste helfte van die jaar aangeteken is, gedeeltelik as 'n weerspieëling van die verandering in algemene sake-toestande. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes en die langtermyndeposito's van die private sektor het gedurende die vierde kwartaal bykans geen verandering getoon nie.

Dit wil voorkom asof die toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld van meer as R100 miljoen gedurende Januarie 1975 hoofsaaklik 'n weerspieëling was van 'n redelik aan-

Veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld, 1974

Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie – R miljoene

	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar 1974	Jan. 1975†
Netto goud- en ander buitelandse reserwes . . .	46	-145	-98	-9	-206	-9
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	42	-134	72	266	246	190
Regeringsdeposito's*	-261	412	-159	195	187	-330
Netto eise	-219	278	-87	461	433	-140
Eise teen die private sektor	355	395	146	206	1 102	57
Langtermyn private deposito's*	37	-237	83	-2	-119	-92
Netto ander bates	-41	45	116	4	124	55
Totale oorsake van veranderinge	178	336	160	660	1 334	-129

*Toename—; afname+.

† Vóór die jaarlikse hersiening van die banksektor.

sienlike verdere toename in die netto eise teen die regeringsektor en 'n styging in bankkrediet aan die private sektor teen ongeveer dieselfde koers as wat gedurende die vierde kwartaal van 1974 voorgekom het.

Laer koers van toename in bankkrediet aan die private sektor

Die skerp verminderde koers van toename in die bankkrediet aan die private sektor, wat gedurende die derde kwartaal van 1974 begin het, het gedurende die vierde kwartaal voortgeduur, alhoewel die koers van toename in die vierde kwartaal hoër was as in die derde kwartaal. So is die jaarkoers van toename in die bankkrediet aan die private sektor vanaf 29 persent gedurende die eerste helfte van 1974 tot 9 persent gedurende die tweede helfte verminder—'n baie betekenisvolle verlaging. Soos in die bygaande tabel getoon word, het 'n opvallende vermindering van die bankkrediet wat deur die handelsbanke, aksepbanke en huurkoop- en algemene banke verleen is, gedurende die tweede helfte van 1974 plaasvind, terwyl die seisoenale kaskredietvoorskotte van die Landbank die belangrikste bydrae tot die styging in die totale bankkrediet gemaak het.

Toename in bankkrediet aan die private sektor R miljoene

	1974			1975
	1e helfte	2e helfte	Jaar	Jan*
Diskontohuise	56	25	81	27
Handelsbanke	465	128	593	-31
Aksepbanke	81	12	93	2
Huurkoop- en algemene banke	105	-45	60	52
Landbank	46	230	276	—
Ander	-3	2	-1	7
Totaal	750	352	1 102	57

*Vóór die jaarlikse hersiening van die banksektor.

Die taamlik aansienlike styging in die eise teen die private sektor gedurende Januarie is hoofsaaklik verklaar deur 'n verdere toename in die diskontohuise se besit aan bankaksepte en groter kredietverlening deur die monetêre huurkoop- en algemene banke. Handelsbankkrediet aan die private sektor het gedurende die maand in werklikheid afgeneem. Aan die einde van Januarie 1975 was die totale eise van die handelsbanke teen die private sektor in werklikheid bykans onveranderd vanaf die peil daarvan aan die einde van Augustus 1974.

Verbetering in die likwiditeitsposisie van banke

Die oorskot-likwiede batebesit van monetêre bankinstellings het gedurende die vierde kwartaal van 1974 voortgegaan om verder te styg en het aan die einde van Desember 'n peil bereik van R370 miljoen of 4,1 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek. Hierdie neiging, wat hoofsaaklik in die banke se vermeerderde besit aan saldo's by die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie weerspieël is, was klaarblyklik 'n gevolg van die daling in die regeringsdeposito's gedurende die vierde kwartaal en die feit dat die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die grootste deel van hierdie kwartaal nie

Oorskotte of tekorte aan likwiditeit van monetêre bankinstellings, 1974

%

	1974						1975
	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.	Jan.	
Handelsbanke	-0,3	1,8	3,7	3,7	5,7	2,6	
Aksepbanke	-1,8	0,6	2,6	3,3	0,6	1,3	
Monetêre huurkoop- en algemene banke	0,3	0,6	0,4	1,5	0,3	0,9	
Totaal: Verhouding	-0,4	1,4	2,9	3,2	4,1	2,1	
Bedrag van oorskot of tekort (—) (R miljoene)	-31	121	255	288	370	211	

verder gedaal het nie. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die duidelike verdere styging in die oorskot-likwiditeit gedurende Desember egter geheel en al aan die handelsbanke toegeval.

Gedurende Januarie 1975 het die monetêre banke se besit aan oorskot-likwiede bates seisoenaal tot R199 miljoen of 2,1 persent van hulle verpligtings teenoor die publiek gedaal.

Toestand op die geldmarkenrentekoerse


Nadat daar vir meer as 'n jaar tot September 1974 stram toestande op die geldmark geheers het, het daar vervolgens 'n toestand van groter ruimte ontstaan. So het die daggeldlenings by die diskontohuise vanaf 'n laagtepunt van R260 miljoen op 25 September 1974 tot 'n rekord van R623 miljoen op 27 Februarie 1975 gestyg, terwyl die Reserwebank se akkommodasie aan die diskontohuise en die banke terselfdertyd onbeduidend geword het. Akkommodasie deur die Reserwebank het egter op 1 Maart 1975 tot R174 miljoen gestyg, wat 'n weerspieëling was van die groot seisoenale vloeï van fondse na die Regering oor die Februarie-maandeinde. Dit het ook 'n afname in daggelddeposito's by die diskontohuise tot R434 miljoen op 3 Maart 1975 meegebring.

In ooreenstemming met hierdie verandering in die geldmarktoestand, het korttermynrentekoerse, wat in September 1974 hoogtepunte bereik het, gedurende

die laaste drie maande van 1974 en gedurende Januarie en Februarie 1975 gedaal. Die volgende veranderinge het voorgekom: die koers op VDS'e van 90 dae het afgeneem vanaf 17,25 persent op 27 September 1974 tot 9,75 persent op 28 Februarie 1975; die koers op bankaksepte van drie maande vanaf 13,0 persent tot 10,10 persent oor dieselfde tydperk; en die skatkiswissel-tenderkoers vanaf 6,36 persent aan die einde van Augustus 1974 tot 5,90 persent op 28 Februarie 1975. Die afwaartse beweging van rentekoerse is ook deur die Reserwebank erken toe die koerse op staatseffekte op 18 Desember 1974 afwaarts aangepas is met $\frac{1}{4}$ persent. Met ingang 19 Februarie 1975 is die Bank se stel koerse op staatseffekte heeltemal afgeskaf.

Die rentekoerse op deposito's by bankinstellings het op die maksimum peil gebly soos vasgestel deur die beheerregulasies van 14 Augustus (8 persent op deposito's van minder as ses maande, $9\frac{1}{2}$ persent op deposito's van twaalf maande, en 10 persent op deposito's van 24 maande en langer), maar koerse wat heelwat hoër was as hierdie koerse (tot 14 persent) is vir groot bedrae en op deposito's tussen bankinstellings gekwoteer. Meer onlangs is 'n koers van $\frac{1}{2}$ persent onder die maksimum deur sekere individuele banke op deposito's van 24 maande en langer gekwoteer, terwyl daar aanduidings is dat die koerse wat op groot deposito's en deposito's tussen bankinstellings beding is, tot tussen $9\frac{1}{2}$ en $10\frac{1}{2}$ persent gedaal het. Vanaf 7 Oktober 1974 is die laagste oortrekkingskoers wat werklik deur handelsbanke gehef word, tot 12 persent verhoog.

Geldmarkrentekoerse



Staatsfinansies

Skatkisontvangste en -uitreikings

Gedurende die eerste nege maande van die lopende fiskale jaar, d.w.s. die tydperk April tot Desember 1974, het Skatkisuitreikings teen 'n heelwat vinniger koers toegeneem as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Ontvangste het egter die vinnige styging gedurende die voorafgaande fiskale jaar gehandhaaf met die gevolg dat die tekort wat vir die betrokke tydperk van nege maande aangeteken is, nog aansienlik kleiner was as die syfer wat in die Begroting vir die lopende fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is.

Totale ontvangste op Inkomsterekening gedurende die tydperk van nege maande onder bespreking, was R645 miljoen meer as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1973. Dit verteenwoordig 'n toename van 23 persent wat ietwat hoër was as die 20 persent wat in die begroting vir die fiskale jaar 1974/75 in sy geheel verwag is. Die toename van R502 miljoen in inkomstebelastinginvorderings het baie bygedra tot die hoër ontvangste op Inkomsterekening. Ontvangste op die Leningsrekening het ook

'n opmerkbare toename van R82 miljoen, of 50 persent, gedurende die tydperk van nege maande getoon, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in ontvangste ten opsigte van goudmynhuurkontrakte. Die inkomstebelasting en huurkontrakbetalings van goudmyne het met R212 miljoen en R76 miljoen onderskeidelik toegeneem en het gesamentlik 16 persent van totale ontvangste gedurende die nege maande-tydperk onder bespreking verteenwoordig in vergelyking met ongeveer 9 persent gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1973.

Gedurende die nege maande vanaf April tot Desember 1974 het skatkisuitreikings met R836 miljoen, of feitlik 28 persent, toegeneem in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1973. Uitreikings op Inkomsterekening het met 28 persent toegeneem teenoor die 24 persent wat in die Begrotingsramings vir die fiskale jaar as 'n geheel voorsien is, terwyl uitreikings op Leningsrekening toegeneem het met 26 persent, wat slegs ietwat hoër was as die 25 persent wat in die Begroting voorsien is.

Gedurende die nege maande-tydperk onder bespreking het skatkisuitreikings die skatkisontvangste met R310 miljoen oorskry. 'n Tekort van R377 miljoen is gedurende die vierde kwartaal van 1974 aangeteken, teenoor 'n surplus van R67 miljoen gedurende die tydperk April tot September 1974. Alhoewel die tekort van R310 miljoen aansienlik hoër was as die tekort van R140 miljoen wat gedurende die tydperk April tot Desember 1973 aangeteken is, was dit steeds R323 miljoen kleiner as die begrote tekort van R633 miljoen vir die fiskale jaar 1974/75 as geheel.

Finansiering van die tekort

Die bygaande tabel toon dat die tekort wat gedurende die eerste nege maande van die lopende fiskale jaar aangeteken is, gefinansier is deur 'n toename in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor, die monetêre banksektor, die private nie-banksektor en die Staatskuldkommissaris. Die finansieringspatroon het verskil van dié gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar toe die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor in werklikheid afgeneem het. Hierbenewens was die samestelling van die verandering in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor ook verskillend, met die belangrikste verandering 'n afname van R103 miljoen in regeringsdeposito's teenoor 'n toename van R261 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1973.

Die hoë vlak van uitreikings op die Skatkisrekening gedurende die vierde kwartaal van 1974 is gedurende Januarie 1975 voortgesit en het 'n rekord tekort van R68 miljoen gedurende dié maand tot gevolg gehad, niesteenstaande 'n meer as seisoenale toename in belasting-ontvangste deur die Tesourie. Voortgesette

Skatkisfinansies

R miljoene

	April tot		
	Desember	Januarie	
	1974	1974	1975
Totale netto ontvangste	3 559	389	469
Totale netto uitreikings	3 869	369	536
Totale tekort			
(uitgesonderd lenings)	-310	21	-68
Finansiering:			
Verandering in netto			
skuldposisie teenoor:			
Buitelandse sektor	74	29	32
Private nie-banksektor:			
Leningsheffings	30	11	8
Ander	20	13	48
Staatskuldkommissaris	38	-32	61
Sub-totaal	163	20	150
Monetêre banksektor:			
Verandering in besit aan staat-			
skuldbewyse gehou deur:			
S.A. Reserwebank en NFK	-26	61	52
Ander monetêre bankinstellings	70	-42	112
Verandering in skatkissaldo*	103	-60	-246
Sub-totaal	147	-41	-82
Totale finansiering	310	-21	68

*Toename-; afname+. Insluitende netto oordragte na die Stabilisasierekening en na die IMF-Depositorekening t.o.v. supergoudtranche-trekkings.


buitelandse leningsbedrywighede en verhoogde beleggings in staatskuldbewyse deur die Staatskuldkommissaris en die private nie-banksektor gedurende die maand, het die Tesourie in staat gestel om nie alleen die tekort uit nie-bankbronne te finansier nie, maar ook om die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor te verminder. Dit is bereik deur 'n toename van nie minder nie as R246 miljoen in skatkisdeposito's wat die toename van R164 miljoen in die sektor se besit aan staatskuldbewyse meer as geneutraliseer het.

Nuwe uitgiftes van binnelandse effekte gedurende die tydperk April 1974 tot Januarie 1975 het kontant-aansoeke van R590 miljoen opgelewer, terwyl die aflossing van effekte wat die vervaldatum bereik het, uitgesonderd omsettings, R159 miljoen bedra het. Effekte van R258 miljoen wat die vervaldatum bereik het, is in nuwe effekte omgesit. Van die netto bedrag van R431 miljoen wat in die binnelandse mark opgeneem is, is R263 miljoen deur die Staatskuldkommissaris bygedra. Die oorblywende R168 miljoen het die bedrag van R100 miljoen wat in die Begroting vir die fiskale jaar as geheel in die vooruitsig gestel is, aansienlik oorskry.


Redelik groot skommelings het in die deposito's van die Skatkis en die Betaalmeester-generaal, in-

sluitende die Stabilisasierekening, die IMF-deposito-rekening en skatkisbeleggings gedurende die tien maande tot Januarie 1975 voorgekom. Gedurende April en Mei 1974 het hierdie deposito's afgeneem en toe gedurende die volgende drie maande gestyg as gevolg van seisoenale hoë inkomstebelastinginvorderings. Daarna het die deposito's seisoenaal met R248 miljoen tot aan die einde van Desember 1974

Deposito's op die Skatkis- en Betaalmeestergeneraalrekening



Tekort of surplus op die Skatkisrekening



afgeneem, voordat dit weer gedurende Januarie 1975 met R300 miljoen en gedurende Februarie 1975 met R116 miljoen gestyg het. Gedurende Maart, April en Mei word 'n skerp afname in regerings-deposito's verwag.

Kapitaalmark

Mark vir vaste-rentedraende effekte


Die toestand op die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die eerste drie kwartale van 1974 progressief vernou maar daarna effens ver-ruim. Rentekoerse het skerp tot rekordpeile gestyg voordat dit teen die einde van 1974 en die begin van 1975 gedaal het. So is die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in vier stappe vanaf 8,00 aan die einde van 1973 tot 'n rekordvlak van 9,75 persent op 14 Augustus 1974 verhoog en op 18 Desember is dit weer tot 9,50 persent verlaag. Hierdie op-brengskoersvlakke is dié wat deur die Reserwebank in sy stel koerse vir transaksies in staatseffekte ge-kwoteer word. Die bank het egter met ingang 19 Februarie 1975 opgehou om so 'n stel rentekoerse te kwoteer. Opbrengskoerse op nuwe uitgiftes van staatseffekte sal gevolglik in die toekoms ten tye van die uitgifte vasgestel word en die Reserwe-bank sal transaksies in effekte teen markver-wante pryse aangaan, maar met inagneming van die breë monetêre beleidsmikpunte wat op daardie stadium gevolg word.

Die verteenwoordigende opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-semiprima-effekte het vanaf ongeveer 8,3 persent aan die einde van 1973 tot 11,0 persent in November 1974 gestyg en daarna tot 10,8 persent in Februarie 1975 gedaal. Opbrengskoerse op sekondêre transaksies in hierdie effekte het 'n afname van 0,25 van 'n persentasie-punt aan die einde van Desember aangedui. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van maatskappy-skuldbriewe, wat vanaf 9,5 persent aan die einde van 1973 tot 13,25 persent in die vierde kwartaal van 1974 toegeneem het, het teen die einde van verlede jaar en die eerste twee maande van 1975 ook nie 'n afname getoon nie. Opbrengskoerse op sekondêre transaksies het egter in sommige gevalle gedurende die tydperk Desember 1974 tot Februarie 1975 'n afname van soveel as 1 persentasiepunt aangedui.

Die bedrag aan fondse wat in die mark opgeneem is, naamlik ongeveer R651 miljoen, was heelwat laer as die syfer van R960 miljoen vir 1973. Nie alleen het die regering minder in die mark geleen nie, maar sommige uitgiftes van semiprima-effekte is uit- of afgestel vanweë die ongunstige marktoestande. Maat-skappye was egter verplig om, as gevolg van die ter-neergedrukte toestand van die aandelemark, die grootste deel van hul benodigde fondse deur uitgiftes van vaste-rentedraende effekte te bekom en die be-

drag van R117 miljoen wat gedurende 1974 opgeneem is, het die vergelykbare bedrag van R104 miljoen vir 1973 oorskry.

Opbrengskoerse



Aandelemark

Ná 'n tydelike herstel gedurende die eerste vier maande van 1974 het die pryse van alle klasse aandele, uitgesonderd goudmynaandele, hulle afwaartse neiging gedurende die res van die jaar voortgesit en aan die einde van 1974 op laer vlakke as aan die einde van 1973 gestaan. Die pryse van steenkoolmynaandele en ander metaal- en mineraalaandele, uitgesonderd goudmynaandele, het gedurende 1974 onderskeidelik met 26 en 31 persent gedaal, terwyl die pryse van finansiële en nywerheids- en handelsaandele onderskeidelik met 7 en 15 persent gedaal het. In teenstelling hiermee, het goudmynaandelepryse gedurende 1974 met 69 persent gestyg, maar 'n duidelike afwaartse beweging het gedurende die drie maande tot Februarie 1975 voorgekom. Nie-teenstaande die algemene afwaartse neiging in nie-goudmynaandelepryse gedurende 'n groot deel van 1974, het hierdie pryse gedurende die laaste twee maande van die jaar en die eerste twee maande van 1975 ietwat verbeter. Die effektebeursomset, in terme van die aantal aandele verhandel, het gedurende 1974 ook afgeneem, naamlik met 7 persent.

As gevolg van hoër dividendbetalings en die afwaartse beweging van aandelepryse, het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele vanaf 5,6 persent aan die einde van 1973 tot 8,5 persent aan die einde van 1974 toegeneem. Daarná het dit in Januarie 1975 onveranderd gebly voordat dit in Februarie tot 8,0 persent gedaal het. Die omgekeerde rendementsgaping tussen gewone aandele en langtermynstaatseffekte het vanaf 2,4 persent aan die einde van 1973 tot 1,0 persent aan die einde van 1974 vernou.

Die afname in aandelepryse en die algemene skaarste aan fondse in die kapitaalmark het veroorsaak dat die effektebeurs 'n ietwat onaantreklike bron van nuwe fondse vir korporatiewe leners geword het. Nuwe aandele-uitgiftes het dus gedurende 1974, toe investering op 'n hoë peil was, slegs R56 miljoen bedra vergeleke met R180 miljoen in 1973.

Effektetrusts het gedurende 1974 'n verdere netto uitvloeiing van fondse ondervind. Netto terugkope van onderaandele het R30 miljoen bedra, vergeleke met R42 miljoen gedurende 1973. Hierdie uitvloeiing van fondse, tesame met die algemene afname in aandelepryse, het tot gevolg gehad dat die markwaarde van die trusts se netto bates vanaf R385 miljoen aan die einde van 1973 tot R302 miljoen aan die einde van 1974 gedaal het. 'n Verdere klein uitvloeiing van fondse is gedurende Januarie 1975 aangeteken.

Vloei van fondse na deposito-nemende en verwante instellings

Die vloei van langertermynfondse na bouverenigings, bankinstellings, die Posspaarbank en deelnemingsverbandskemas het gedurende 1974 aansienlik afge-

neem, naamlik vanaf R1 456 miljoen tot ongeveer R1 141 miljoen. Hierdie kleiner vloeit het die algemene skaarste aan fondse sowel as 'n voorkeur vir meer likwiede vorms van belegging weerspieël. Die bouverenigings se aandeel in die beskikbare poel van langertermyn deposito-tipe fondse het vanaf 51 persent in 1973 tot 48 persent in 1974 afgeneem, terwyl dié van bankinstellings vanaf 39 tot 41 persent toegeneem het. Die relatiewe aandeel van die deelnemingsverbandskemas het vanaf

9 tot 8 persent afgeneem en dié van die Posspaarbank het vanaf 1 tot 3 persent gestyg.

Die vloeit van fondse na die bouverenigings het gedurende 1974 afgeneem en die bedrag van R100 miljoen wat gedurende die vierde kwartaal aangeteken is, was aansienlik kleiner as die gemiddelde van R147 miljoen gedurende die eerste drie kwartale. As die seisoensinvloed egter uitgeskakel word wil dit voorkom asof die invloeiing van fondse gedurende Desember 1974 en Januarie 1975 verbeter het. In die geval van bankinstellings was daar ook 'n groter invloeiing van langertermynfondse teen die einde van 1974.

As gevolg van die kleiner invloeiing van deposito-tipe fondse en die skerper mededinging om fondse in die algemeen, is die beheerde maksimum deposito-rentekoerse vir die verskillende klasse deposito's en bouvereniging aandele, uitgesonderd belastingvrye aandele, op 14 Januarie 1974 met 1 persent verhoog en op 1 Junie met 'n verdere 1,5 persent. Op daardie datum is die koerse op bouverenigings se subskripsie- en belastingvrye aandele met 1 persent verhoog. Deposito-rentekoersebeheer is op 14 Augustus opgehef ten opsigte van individuele deposito's van meer as R250 000 en bedrae van meer as R250 000 wat aanvaar is vir belegging in deelnemingsverbande of skuldbriewe uitgegee deur instellings met die doel om krediet aan die publiek te verleen. Interbankdeposito's en deposito's wat bouverenigings en bankinstellings van mekaar aanvaar, is ook van rentekoersebeheer vrygestel.


Die nie-beheerde rentekoerse op spaarinstrumente wat deur die Departement Pos- en Telekommunikasiewese aangebied word, is in Augustus en Oktober tot mededingende peile verhoog en dit het tot 'n aansienlik groter vloeit van fondse na hierdie beleggingsgeleenthede gelei. Gedurende die eerste agt maande van 1974 was daar byvoorbeeld geen netto belegging in die Posspaarbank en Nasionale Spaarsertifikate nie, terwyl 'n netto bedrag van R41 miljoen gedurende die laaste vier maande van die jaar belê is.

Verband- en vaste eiendomsmarkte

As gevolg van die kleiner vloeit van fondse na die instellings wat as tussengangers in die verbandmark optree, het verbandmarktoestande gedurende 1974 aansienlik vernou. 'n Tekort aan fondse het ook tot 'n laer vlak van bedrywigheid in die vaste eiendomsmark gelei.

Nuwe verbandlenings toegestaan deur bouverenigings het gedurende 1974 tot R891 miljoen, of 73 persent van die syfer vir 1973, gedaal. Terselfdertyd het die verenigings hul verpligtings ten opsigte van lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, met R165 miljoen verminder. Die werklike bedrag van verbandvoorskotte uitbetaal, het derhalwe R1 056 miljoen bedra, wat nie wesenlik minder was as die R1 094 miljoen wat gedurende 1973 uitbetaal is nie. Ten einde die peil van verbandvoorskotte uitbetaal op

Vloeit van fondse na finansiële instellings



dieselfde vlak as in 1973 te handhaaf ten tye van 'n baie kleiner invloeiing van fondse, het die verenigings hul besit aan staats- en ander effekte verminder.

Die strammer verbandmarktoestande is in 'n toename in verbandkoerse weerspieël. Die bouverenigings het hul koers op woonhuisverbande vanaf 8,50 tot 9,25 persent in Januarie 1974 en verder tot 10,50 persent in Junie 1974 verhoog. Die koers op hul ander verbande is in drie stappe vanaf 9,0 persent aan die einde van 1973 tot 12,0 persent in Oktober 1974 verhoog. Die koers op deelnemingsverbande het gedurende 1974 met ongeveer 2 persentasiepunte gestyg tot 'n peil van 11,2 persent.

Die vernouing van die verbandmark, tesame met die hoë rentekoerspeile en die algemene skaarste aan fondse, het 'n dempende uitwerking op die vaste eiendomsmark gehad, veral ná Julie 1974. Die waarde van vaste eiendomstransaksies gedurende die laaste vyf maande van 1974 was gemiddeld 11 persent laer as gedurende die eerste sewe maande van die jaar.

Verklaring insake die afskaffing van die vaste stel rentekoerse op staatseffekte

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

18 Februarie 1975

Ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om met ingang 19 Februarie 1975 sy vaste stel rentekoerse vir transaksies in staatseffekte af te skaf. In die toekoms sal die Bank se transaksies in staatseffekte teen markverwante pryse plaasvind, maar met volle inagneming natuurlik van die breë monetêre beleid in werking op die betrokke tydstop.

Die beleid om 'n vaste stel rentekoerse vir die onderskeie looptye van staatseffekte te handhaaf en om hierdie stel slegs van tyd tot tyd in reaksie op veranderde omstandighede aan te pas, is aanvanklik in Julie 1952 ingestel. Die hoofdoel hiervan deur die jare was die handhawing van stabiele en ordelike toestande in die mark vir prima-effekte, wat nie as breed en aktief genoeg beskou is om sonder so 'n vaste stel Reserwebankkoerse bevredigend te funksioneer nie. In die lig van die verdere ontwikkeling van die geldmark is die vaste stel koerse vir looptye van minder as drie jaar egter in Mei 1955 afgeskaf en die bepaling van die toepaslike koerse hoofsaaklik aan markinvloede oorgelaat.

Die bykomende stap om nou ook die vaste stel koerse vir looptye van drie jaar en langer af te skaf, verteenwoordig erkenning van die vooruitgang wat in onlangse jare in die ontwikkeling van 'n mark vir prima-effekte in Suid-Afrika gemaak is, en is ook in ooreenstemming met die gebruikmaking van opemarktransaksies as deel van amptelike monetêre beleid.

Opmerkings in verband met deelnemingsverbandskemas

Tabel S-42

'n Nuwe tabel wat gegewens oor deelnemingsverbandskemas bevat, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* ingesluit.

Die funksie van die skemas is om langertermynfondse te mobiliseer vir belegging in verbandvoorskotte. Die skemas word meesal deur trustmaatskappye en bankinstellings bestuur en is oorspronklik begin met die doel om 'n veilige beleggingsgeleentheid vir die trustfondse wat deur hierdie maatskappye en instellings geadministreer word, daar te stel. Alhoewel deelnemingsverbandskemas reeds vóór die einde van die vorige eeu in werking was, word hul werksaamhede eers sedert 1965 beheer ingevolge die bepaling van die *Wet op Deelnemingsverbande*.¹

Bestuurders van deelnemingsverbandskemas moet reëls vir die werking van die skemas opstel en sodanige reëls aan die Registrateur van Effektetrustmaatskappye vir goedkeuring voorlê. Die bestuur van die skemas bestaan daaruit dat fondse van beleggers ontvang word en namens hulle in verbandvoorskotte belê word. Vir elke verbandvoorskot word deelnemings wat in totaal gelyk is aan die bedrag van die voorskot

aan beleggers toegestaan in verhouding tot hul beleggings. Die Wet vereis 'n minimum deelneming van R1 000, 'n minimum beleggingstydperk van vyf jaar en 'n minimum bedrag van R20 000 voorgeskryf vir elke afsonderlike verbandvoorskot. Die Registrateur het bepaal dat die voorskot, in die geval van 'n verminderbare verbandvoorskot, nie 75 persent en, in die geval van 'n vaste verbandvoorskot, nie 66⅔ persent van die waarde van die beswaarde eiendom mag oorskry nie. Die looptyd van die verbandvoorskot word nie deur die Wet voorgeskryf nie en alhoewel die meeste voorskotte 'n looptyd van vyf jaar het, stem die looptyd van die verbandvoorskot nie noodwendig ooreen met die vereiste minimum beleggingstydperk nie.

Deelnemingsverbandbesigheid word in die naam van 'n benoemde maatskappy gedoen in wie se naam die verbande geregistreer word. Die maatskappy se aanspreeklikheid is beperk tot die fondse wat van deelnemers ontvang is en sy bates bestaan uit die verbandvoorskotte waarin die deelnemers se fondse belê is. Elke deelnemer het ingevolge die bepaling van die Wet die reg om, behalwe as die reëls anders bepaal, sy regte teen die verbandgewer onder die verbandvoorskot af te dwing. Die deelnemingsverband verskil van 'n konvensionele verband vir sover die verbandnemer se regte in die geval van 'n konvensionele

1. Wet No. 48 van 1964, soos gewysig by Wet No. 98 van 1967 en Wet No. 91 van 1972.

Deelnemingsverbandskemas

Totale fondse deur bestuurders beheer
R miljoene

Tydperk	Saldo's aan die einde van die tydperk			Toename gedurende die tydperk	
	Deelnemings en bedrag verskuldig deur verbandgewers	Fondse in afwagting op belegging	Totaal	Half-jaarliks	Jaarliks
1965–1ste helfte	173	—	173	—	
2de helfte	235	—	235	62	62
1966–1ste helfte	271	3	274	39	
2de helfte	291	3	294	20	59
1967–1ste helfte	313	3	316	22	
2de helfte	327	1	328	12	34
1968–1ste helfte	334	1	335	7	
2de helfte	345	4	349	14	21
1969–1ste helfte	382	4	386	37	
2de helfte	401	3	404	18	55
1970–1ste helfte	447	12	457	53	
2de helfte	514	12	526	69	122
1971–1ste helfte	598	7	605	81	
2de helfte	687	6	693	88	169
1972–1ste helfte	753	3	756	63	
2de helfte	803	4	807	51	114
1972–2de helfte*	806	5	811		
1973–1ste helfte	861	6	867	56	
2de helfte	933	6	939	72	128
1974–1ste helfte	1 000	1	1 001	62	
2de helfte	1 024	0	1 024	23	85

Bron: Gegewens tot en met Desember 1972 is uit die jaarverslae van die Registrateur van Effektetrustmaatskappye verkry. Gegewens vir Desember 1972 wat oorvleuel en vir die daaropvolgende tydperk is deur die Reserwebank versamel en saamgestel.
*Die teenstrydigheid in die oorvleuelende Desember-syfers is hoofsaaklik aan verskillende verslagdatums toe te skryf. Kwartaallike gegewens vanaf die vierde kwartaal van 1972 word gepubliseer in die tabel wat op bladsy S-42 verskyn.

verband volgens die gemenereg nie oordraagbaar is as die verbandbesit onderverdeel word nie.

Die bestuurders van skemas word toegelaat om fondse tot 60 dae voordat deelnemings toegeken word, te aanvaar. Ten einde hierdie aanvaarding van fondse egter te onderskei van die aanvaarding van deposito's onder die *Bankwet*, moet sodanige fondse terugbetaal word indien 'n deelneming in 'n verband nie binne 60 dae toegestaan is nie. Die rente wat deur die verband-gewer betaalbaar is, kom die deelnemers toe, maar die administrasiekoste van die skema word van die deelnemers se rente-inkomste afgetrek. Hierdie heffing, wat bepaal word in die reëls van die skema, word gewoonlik op ongeveer 6 persent van die bruto rente-inkomste vasgestel.

Sedert die *Wet op Deelnemingsverbande* in 1965 gepromulgeer is, het die belegging in deelnemingsverbande vinnig gegroei. Gedurende die tydperk 1965 tot 1974 het die bedrag wat in hierdie verbande belê is of vir belegging daarin bestem is, viervoudig vanaf R235 miljoen tot R1 024 miljoen toegeneem, wat 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 18 persent verteenwoordig het. Soos in die bygaande tabel aange-ton word, het die vloei van fondse na die skemas gedurende die tydperk 1965 tot 1974 aansienlik gewissel. Aangesien die deposito-rentekoersbeheer wat in 1965 ingestel is nie op die skemas van toepas-sing was nie, het die invloeiing van fondse na hulle gedurende 1965 en 1966 opmerklik toegeneem tot nadeel van die bankinstellings en bouverenigings wat wel aan die beheer onderworpe was. Die vloei van fondse na die skemas het daarná gedurende die tyd-perk 1967 tot 1969 na 'n meer normale vlak terug-gekeer maar gedurende 1970 en 1971 het dit as gevolg van groter beskikbaarheid van leenbare fondse in die algemeen, skerp toegeneem. Toe deposito-rentekoersbeheer gedurende 1972 weer ingestel is, is deelnemingsverbandskemas ook aan die beheer onderwerp en dié maatreël, tesame met die al-gemene afname in die beskikbaarheid van leenbare fondse, het die vloei van fondse na die skemas gedu-

rende die tydperk 1972 tot 1974 aansienlik laat afneem.

Die aantal deelnemingsverbandskemas in werking het redelik konstant gebly oor die tydperk 1966 (die vroegste datum waarvoor sodanige inligting beskik-baar is) tot 1974 en het toegeneem vanaf 57 in 1966 tot 63 in 1974. Die aantal deelnemers het egter aan-sienlik toegeneem soos in die bygaande tabel aange-ton word. 'n Betreklik klein toename van 11 persent in die aantal verbandvoorskotte is gedurende hierdie tydperk aangeteken, met die gevolg dat die aansienlike toename in die bedrag wat in verbande belê is, weer-spieël is in 'n skerp toename in die gemiddelde bedrag van die verbandvoorskotte.

Die relatiewe belangrikheid van deelnemingsver-bandskemas as 'n bron van verbandfinansiering het gedurende die tydperk 1966 tot 1974 aansienlik toe-geneem. In terme van die uitstaande verbandvoor-skotte van finansiële instellings, het die skemas se aandeel toegeneem vanaf 8,7 persent aan die einde van 1966 tot 13,9 persent aan die einde van 1974. Op laasgenoemde datum is die bedrag van hul uit-stande verbande slegs deur dié van die bouvereni-gings oorskry.

Finansiële instellings: verbandvoorskotte uitstaande op 31 Desember 1966 en 1974

	Bedrag (R miljoene)		Persentasie van totaal	
	1966	1974	1966	1974
Bouverenigings	1 491	4 286	55,3	58,2
Deelnemings- verbandskemas	234	1 024	8,7	13,9
Bankinstellings	316	852	11,7	11,6
Landbank	184	470	6,8	6,4
Versekeraars	357	430	13,2	5,8
Pensioen- en voorsorgfondse	116	300	4,3	4,1
Totaal	2 698	7 362	100,0	100,0

Aantal deelnemers en deelnemingsverbande en die totale bedrag van deelnemings en verbande

Einde van tydperk	Deelnemers			Deelnemingsverbande	
	Totale waarde van deelnemings- verbande (R miljoene)	Aantal	Gemiddelde bedrag van deelnemings (R'000)	Aantal	Gemiddelde bedrag van verbande (R'000)
1966	294	83 319	3,5	9 741	30
1968	349	91 744	3,8	9 600	36
1971	692	163 865	4,2	10 367	67
1974	1 024*	195 961	5,2	10 800	95

Bron: Registrateur van Effektetrustmaatskappye. Geen inligting aangaande die aantal deelnemers en deelnemingsverbande is vir die tydperk vóór 1966 beskikbaar nie.
*Syfer bereken deur die Reserwebank.

Soos in tabel S-42 in hierdie *Kwartaalblad* aange-
toon word, is individue tesame met nie-geïnkorporeer-
de sake-ondernemings en nie-winssoekende instel-
lings die belangrikste groep beleggers in deelnemings-
verbandskemas. Hierdie groep se deelnemings het
aan die einde van 1974 87 persent van die totaal uit-
gemaak. Ander groepe deelnemers is pensioen- en
voorsorgfondse, buitelanders, die bestuurders van die
skemas en maatskappye. Die belangrikste verband-
gewers is maatskappye, wat vir 84 persent van die
uitstaande verbandvoorskotte aan die einde van 1974
verantwoordelik was.

'n Funksionele klassifikasie van deelnemingsver-
bande soos in die bygaande tabel aangetoon, dui
daarop dat die eienaars van handelseiendomme aan
die einde van 1974 die belangrikste leners was, gevolg
deur die eienaars van residensiële geboue, nywer-
heids- en plaaseiendomme.

Tipe eiendom verpand onder deelnemingsverbande soos op 31 Desember 1974		
Tipe eiendom	Waarde van verbandvoorskotte (R miljoene)	Persentasie van totaal
Handels	393	38,4
Residensieel:		
Woonstelle en -huise .	255	24,9
Ander	42	4,1
Nywerheids	214	20,9
Plaas	72	7,0
Onbeboude grond . . .	43	4,2
Ander	5	0,5
Totaal	1 024	100,0

Opmerkings oor tabelle

Tabelle S-56 tot S-63

Aandag word gevestig op sekere veranderings wat
gemaak is in die aanbieding van Tabele S-56 tot S-63.
Die syfers in Tabele S-56 tot S-61 in hierdie uitgawe
van die *Kwartaalblad* is hersien. In die toekoms sal alle
betalingsbalanssyfers in die Maart en September
Kwartaalblad hersien word en nie, soos gebruiklik in
die verlede, slegs in die Junie *Kwartaalblad* nie. Ge-
gewens met betrekking tot dienste en oordragte,
private kapitaalbewegings en kapitaalbewegings van
die sentrale regering en banksektor vir 1974 (Tabelle
S-59 tot S-61) sal in die September *Kwartaalblad*
gepubliseer word. Alhoewel gegewens met betrekking
tot private kapitaalbewegings vir 1973 (Tabel S-60) in
hierdie *Kwartaalblad* verstrek word, moet hierdie syfers
as baie voorlopig beskou word en mag dit aansienlik
verander wanneer die resultate van die Tweede Sen-
sus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates later
hierdie jaar beskikbaar word.

Hierbenewens is die tabel van die waarde en indek-
se van die volume en pryse van buitelandse handel
vervang met 'n nuwe tabel van die effektiewe wissel-
koers van die rand. Vir 'n beskrywing van die metodes
wat gebruik is in die berekening van die effektiewe
wisselkoers van die rand, word lesers verwys na 'n
artikel getiteld „'n Regionale indeling van Suid-Afrika
se betalingsbalans, 1957 tot 1972“, wat in die
Kwartaalblad van September 1973 verskyn het.